



Hoërskool Fichardtpark

diensbaarheid • integriteit • geloof • respek • uitnemendheid

Geagte ouers

Ons glo en vertrou dat ons leerders en ouers na dié verlengde skoolvakansie uitsien na die nuwe kwartaal.

Personalia

Ons neem met gemengde gevoelens afskeid van een van ons geliefde personeellede. Me. Cicilia van Heerden het 'n pos as vakadviseur vir Lewenswetenskappe by die Departement van Onderwys aanvaar. Hoërskool Fichardtpark gaan haar ongetwyfeld mis, maar besef ook dat hierdie 'n gulde geleentheid is om in haar beroep te groei en ons is saam met haar bly. Sy is waarlik 'n legende by ons skool en gaan 'n groot leemte op verskeie terreine laat. Ons beste wense vergesel jou, me. Van Heerden.

Voorkoms

Ouers moet ons ondersteun en bystaan deur te verseker dat leerders se voorkoms in lyn met die skoolreëls sal wees. Die voorkoms van leerders sluit in: hare, baarde, naels en skooldrag. Voorkomsinspeksie sal volgende week plaasvind.



Kontak Nommer: 051 522 6927 • Epos: fichpos@fpark.co.za
Hudsonrylaan 24, Fichardtpark, Bloemfontein, 9317

www.fpark.co.za

Eksamen

Hoërskool Fichardtpark is geseënd dat die gr. 11- en 12-eksamen afgehandel is. Die gr. 10-Lewenswetenskapleerders skryf Maandag, 26 Julie hierdie betrokke vraestel. Daarna sluit hulle aan by die res van die gr.10-leerders vir die normale akademiese program. Die gr. 8- en 9-leerders voltooi hulle eksamen vanaf Woensdag, 28 Julie tot Maandag, 2 Augustus. Woensdag tot Vrydag verdaag leerders na hulle skryfbeurt om voor te berei vir die volgende dag se eksamen. Graad 8- en 9-leerders sal Maandag, 2 Augustus ook die normale akademiese rooster tot 14:00 volg. (Eksamenrooster reeds beskikbaar op klasgroepe en D6.)

Astronomiese-projek

Leerders wat kwalifiseer mag skoolsweetpakke dra tot Vrydag, 6 Augustus. Vanaf Maandag, 9 Augustus dra leerders weer normale skooldrag.

POPI-wetgewing

Leerders ontvang Maandag, 26 Julie dokumentasie rondom die bogenoemde saak. Hierdie dokumentasie moet voltooi word en so spoedig moontlik na die skool teruggestuur word.

Gr.9-vakkeuse

Vanjaar sal die gr.9-vakkeuse-inligtingsessie anders as in die verlede plaasvind. Die graad 9's sal een aand per klas kry waartydens inligting rondom hierdie saak aan ouers en leerders gegee sal word. 'n Skrywe met al die reëlins sal gr.9-ouers binnekort bereik.

Gr.12-Winterskool

Baie dankie aan die gr.12-leerders wat die Winterskool bygewoon het. 'n Opregte woord van dank ook aan die gr. 12-personeel wat klasse in sekere vakgebiede aangebied het.

Slot

Ons sien uit om ons leerders weer by die skool te ontvang.



H VAN DER MERWE
SKOOLHOOF
2021-07-23